
AFDELING

C

A F D E L I N G C.

HOOFSUK IX.

DIE VERBAND TUSSEN BAVINCK SE PSIGOLOGIE EN SY DOELSTELLING
EN KINDERBESKOUING BY DIE ONDERWYS.

1. Inleiding.

Nadat ons in afdeling A Bavinck se opvatting oor die psigologie nagegaan en dit in verband gesien het met die heersende strominge, het ons in afdeling B sy algemene pedagogiese beginsels behandel. Hoewel Bavinck nooit in besonderhede van die onderwys en opvoeding ingegaan het nie, maar altyd groot lyne aangedui het, gaan hy tog in op onderafdelings van die psigologie en die pedagogiek.

In hierdie afdeling gee ons dus nie alleen meer besonderhede oor Bavinck se psigologie en pedagogiek nie, maar ons beskou hulle ook in hul verband.

Ons doen dit deur te wys op die verband tussen Bavinck se psigologie en sy doelstelling, kinderbeskouing, leerstofbeskouing, metode van onderwys, tugbeskouing, skoolinrigting, die onderwyser en sy besondere onderwys. Laasgenoemde sluit in: sy jeugopvoeding, opvoeding van die vrou en sy nuwe opvoeding.

2. Die Verband tussen Bavinck se Psigologie en sy Doelstelling by die Onderwys.

(a) Inleiding.

Toe Bavinck reeds 43 jaar oud was en 15 jaar lank professor in Kampen was, het hy sy lewenstaak afgebaken: die grondvesting van 'n „einheitliche" wêreld- en lewensbeskouing.¹⁾ Almal moet aan hierdie arbeid deelneem. Die siel-

1. Bavinck: Christelike Wereldbeskouing, 6.

kunde het in hierdie plan die eerste plek, daarna die pedagogiek wat as sluitsteen van die Christelike lewensbeskouing aangeneem moet word.¹⁾

Die mens staan tussen die engel en die dier:²⁾ met die engele het hy in gemeen die geestelike, die sedelike-redelike natuur; aan die dier is hy verwant deurdat hy liggaamlik moet ontwikkel tot wat hy behoort te wees. Deur opvoeding moet die kind kom waar hy moet wees. Die pedagogiek leer ons hoe dit geskied: dit is 'n heerlike en gewigtige werksaamheid wat God aan mense toevertrou het. Die pedagogiek is 'n wetenskap wat sy inhoud aan die teologie en filosofie ontleen en sy doel en uitgangspunt aan die fisiologie en psigologie. Alleen Christelike pedagogiek het die juiste ideë omtrent ouers, kinders, gesin en maatskappy, metode, doel en uitgangspunt van die opvoeding. Christelike pedagogiek sê wat die mens volgens Gods Woord is, wat sy bestemming is en hoe hy daarheen gelei kan word.³⁾

Bavinck gaan die doelstelling na by die ou volke, Israel, die Christendom, die asketisme, die humanisme, die realisme, die reform-pedagoë; daarna weer lê hy die doelstelling van die moderne pedagogiek en gegewens oor die menslike natuur, om dan die ideaal van die opvoeding by die Christendom te stel, en in besonder die na Gereformeerde belydenis.

(b) Doel van die Opvoeding by die Ou Volke.

„By de opvoeding komt alles in de eerste plaats aan op het doel, dat men zich met haar voor oogen stelt.“⁴⁾ Die

1. a. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 5.
b. Ibid., 18.

2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 421; III, 128.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 21.

4. Ibid., 22.

bestemming beslis vir Bavinck die weg wat ingeslaan moet word.¹⁾
Die geskiedenis leer dat die doelstelling by die opvoeding met dië tye wissel en dit word beheers deur die godsdienstige of wysgerige wêreldbeskouing.

By die Assiriërs, Babiloniërs, by die Perse en Egiptenare was die opvoedingsdoel hoofsaaklik religieus; by die Sjinese en Japannese eties en by die Indiërs misties, terwyl dit by die Grieke en Romeine²⁾ behalwe 'n sosiaal-etiese, ook 'n estetiese karakter³⁾ het.

Die eerste meer algemeen-menslike ideaal kom voor by:

(c) Doel van die Opvoeding by Israel.

Die opvoedingsideaal was nasionaal; maar aangesien die Israëliete die inhoud van hulle opvoeding uit die hand van God, in die wet en in die geskiedenis ontvang het, is die opvoeding behalwe nasionaal ook religieus en teokraties.⁴⁾

(d) Die Opvoedingsdoel by die Christendom.

In die Christendom word die nasionale doel ter syde gestel. Christus was sover dit die vlees betref uit Israel,⁵⁾ maar as Seun van God behoort hy nie aan een volk nie maar aan die hele mensheid.⁶⁾ Die Christendom maak die verhouding tot God sentraal: nie die mens se verstand of deug, rang of stand, rykdom of eer nie, maar die vraag of hy 'n kind van God is, bepaal sy waarde en beslis oor sy lot. Die vereiste is hier die wedergeboorte maar ook die stryd om in te gaan; dit laat alles neerkom op die individuele persoonlikheid van die mens.

1. Bavinck: a. De Nieuwe Opvoeding, 104 - 106;
b. Opvoeding der Rijpere Jeugd, 96.

2. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 12.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 23.

4. Ibid., 25.

5. Bavinck: Roeping en Wedergeboorte, 119.

6. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 23.

Dit bring aan die mens die skat van absolute waarheid, wat nie die vrug van menslike ondersoek is nie, maar van Goddelike openbaring. Hierdie kernwaarheid het aan die Christelike religie 'n georganiseerde beginsel gebring, wat 'n middel tot konsentrasie van alle onderwys en opvoeding vorm. Verder het die Christelike religie 'n ander blik op die natuurlike lewe gegee: staatsburgerskap, nasionaliteitsgevoel en standebesef was nie die hoogste ideaal nie, maar die eenvoudigste beroep en die nederigste handwerk word beskou as 'n Goddelike instelling soos geheilig deur die voorbeeld van Christus en Sy apostels.

Die doel van die Christelike opvoeding bestaan na die mooi woorde van die Apostel Paulus daarin „dat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”.¹⁾ 2 Tim. 3:17. Die ideaal is nie ongerep bewaar nie.

(e) Die Doel van die Opvoeding by die Asketisme.

As gevolg van die wêreldgelykvormigheid wat die Christelike kerk binne gedring het, ontstaan die asketiese ideaal²⁾ in die Rooms-Katolieke kerk,³⁾ en as gewysigde vorm die anabaptisme, piëtisme en metodisme in die protestantse kerke. Volgens die asketisme het alleen die vroomheid, die gemeenskap met God, die lewe vir die hemel enige waarde: om met die aardse dinge besig te wees, is nie sonde nie maar daar is ook geen verheerliking van God in nie. Hierdeur beperk die opvoeding hom feitlik tot die religieuse, of poog ten minste om die gewone onderwys religieus te maak: tale, geskiedenis, rekenkunde en aardrykskunde word met vrome sinne uit die Bybel onderwys.⁴⁾ Sowel in die kind as in die inhoud en doel van die opvoeding word die reg van die natuurlike deur die asketisme

-
1. Bavinck: a. Bijbelsche en Religieuse Psychologie, 80; b. Paedagogische Beginselen, 25 - 28.
 2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 331.
 3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 19.
 4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 30.

1)
ontken.

(f) Die Doel van die Opvoeding by die Humanisme.

Bavinck sê dat die natuur hom met ongebonde krag op die asketisme gewreek het. So het die humanisme ontstaan en bestaan dit tans nog. Dit is die algemene rigting wat die harmoniese ontwikkeling van die ganse mens tot ideaal verhef.²⁾ Die humanisme wil ware, regte mense vorm vir wie niks mensliks vreemd is nie. Die doel lê dus in die eerste plek in die mens self;³⁾ dit gaan om die ontwikkeling, die vervolmaking van die persoonlikheid. Die humanisme is dus steeds individualisties.

(g) Die Doel van die Opvoeding by die Realisme.

Die realisme staan teenoor die asketisme en ook teenoor die humanisme: nie meer die boeke nie maar die natuur word bestudeer; nie meer woorde nie maar sake wat geld; nie meer verbalisme nie maar realisme word in die vooruitsig gestel.

Dit beteken 'n hele ommekeer. Die blik was tot dusver terugwaarts gerig: na die profete, na die apostels en na die Skrif. Die realisme soek na die volmaakte, nie in die verlede nie, maar in die toekoms: die oue moet verby gestreef word en 'n nuwe wetenskap moet ontstaan. Die Middeleeue het vir die realisme niks nuuts gebring nie, daarom word nou gesoek na 'n uitvindkuns. Dit kom nie op geleerdheid en veelwete-ry aan nie; maar wel op eie oordeel en insig: die mens moet tot 'n selfstandige wese gevorm word. Selfwerkzaamheid, self

-
1. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 227.
 2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 395.
 3. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 33.

self soek, self dink, geen napratery op gesag nie - dit is die strewe. Die wekroep is: terug na die natuur. Pestalozzi sê 'n mens moet groei soos 'n boom, dus geleidelik, sonder spronge.¹⁾

Die doel²⁾ en metode moet uiteindelik die inhoud van die opvoeding daarmee in ooreenstemming bring.³⁾ Die louter natuurmens word tot uitgangspunt en middelpunt, maatstaf en doel van die opvoeding gemaak.⁴⁾ Menseverheerliking en materialisme is op die troon geplaas, en beheers die wêreld.

(h) Die Doel van die Opvoeding by die Reform-pedagoë.

Uit die moderne tyd kom pedagoë soos Ellen Key, Pudor, Gurlett en baie ander met skerp kritiek op die bestaande toestande: die teenwoordige skool vernietig die kind se persoonlikheid; dit vermoor die mens in die kind; die huislike opvoeding is sleg; die kind is die eerste vergeteling op die aarde; die kind word vertrap; die wêreld is deur en deur bedorwe; die kapitalisme maak van die wêreld 'n hel en van die arbeidsbevolking 'n veestapel.⁵⁾

Om hierdie verderf weg te spoel, is 'n sondvloed nodig: die Christelike lewensbeskouing moet uitgeroei word om plek te maak vir die ewolusiegedagte: natuurvorsers en nie godsdienstigters nie moet 'n tien geboeie vir die samelewing opstel. Die eeu moet 'n eeu van die kind wees: kind is 'n ander naam vir majesteit. Die kind is nie sondig en boos gebore nie; die sogenaamde skynbare gebreke is net die keersy van hulle goeie eienskappe. Die leer van die erfsonde

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 32 - 35.
 2. Ibid., 36.
 3. Bavinck: a. Paedagogische Beginselen, 97;
b. Gereformeerde Dogmatiek, I, 195 - 207.
 4. a. Rombouts: Dr. Herman Bavinck, 19.
b. Jaarsma: The Educational Philosophy of H. Bavinck, 48 - 49;
195.
 5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 38 - 39.

is die mees demoraliserende van alle dogmas.¹⁾ Die doel van die opvoeding moet wees: nuwe huwelike, nuwe huise, nuwe skole,²⁾ nuwe maatskaplike verhoudinge en 'n nuwe moraal. Die verhewe diens van die ouers sal wees om hulle kinders op te voed.

(i) Weerlegging van die Opvoedingsideale deur Bavinck.

Bavinck waardeer wel baie van die besonderhede in die moderne pedagogiek,³⁾ maar hy skryf oor beginsels en bestry die doelstelling prinsipieel.

Die mens en die mens alleen is vir die moderne pedagogiek die doel: Alles wat bo die mens staan, word geloën en alle reëls en orde moet uit die eie menslike natuur afgelei word.

Die leiding van die mense is egter hopeloos verdeeld, want as die mens die doel van die opvoeding is, moet nog uitgemaak word of die opvoeding hom op die individu of op die gemeenskap⁴⁾ moet rig.

As die mens die hoogste doel van die opvoeding is, kom by die bogenoemde twee rigtinge nog meer verwarring: konsekwente nature, wat nie terugdeins nie, mag die opvoedingsdoel in verskillende rigtings⁵⁾ stuur. Die mens is tog aan die een kant 'n selfstandige persoon maar andersins ook 'n lid van die gemeenskap.

Daar is egter nog kragtiger redes waarom die mens nie die maatstaf en doel van die opvoeding kan wees nie. Daar

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 41.

2. Ibid., 42 - 43.

3. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 58.

4. Bavinck: op. cit., 44.

5. Ibid.

is eerstens die eenvoudige maar alles beslissende feit, dat die mens 'n afhanklike skepsel is, wat nie alleen afhanklik van die gemeenskap is nie, maar ook saam met die gemeenskap sy beperkings het.¹⁾ Die mens verhef hom tot Skepper terwyl hy skepsel is: dit is afgodery.²⁾ In die tweede plek is die mens nie alleen sinlik nie maar is hy ook 'n redelik-sedelike wese. Die mens het 'n liggaam maar ook 'n siel; hy het sintuie, maar ook verstand en rede, hart en gewete.³⁾ Dit dui daarop dat daar 'n hoëre, ideale wêreld is: hy is 'n burger in 'n ryk van onsienlike en ewige dinge. Deur die doelstelling tot hierdie lewe te beperk, word aan die menslike natuur geweld aan gedoen. In die derde plek hou die menslike bewussyn die onweerspreekbare getuigenis in dat daar 'n ryk van ideë is; maar die ideë⁴⁾ is norme wat bo die mens staan en terug wys op een Wetgewer. Die Godsbegrip is by elke mens ingeplant: God laat hom aan niemand onbetuig nie.⁵⁾

Hier sien ons duidelik die verband tussen Bavinck se psigologie en sy doelstelling in die pedagogiek: daar is 'n siel wat natuurlik geskape is en die siel het 'n hoër roeping as die aardse. In die volgende paragraaf kom dit duideliker na vore.

(j) Die Christelike Opvoedingsideaal.

Die moderne pedagogiek wat die mens tot middelpunt, maatstaf en doel van die opvoeding stel, sondig allereers teen die mens self. Die Christendom daarenteen, stem ooreen met al die gegewens wat die menslike natuur self by onpartydige ondersoek aanbied. Hoe noukeuriger ons die mens waarneem en

-
1. Brederveld: Hoofdlinjen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 27.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 46.
 3. Ibid.
 4. Sien Bavinck: a. Magnalia Dei, 194;
b. Gereformeerde Dogmatiek, III, 203.
 5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 47.

bestudeer, hoe meer ons sien dat hy net so is soos die Bybel hom vir ons teken.¹⁾ Die menslike natuur in sy verskillende momente wys na die Christendom heen: „anima naturaliter Christiana“; die Christendom toon die mens aan soos hy waarlik is.²⁾ Die Skrif sluit aan en pas volkome by die onpartydige waargenome gegewens van die menslike natuur.

Die Skrif leer ons dus ook die siel van die mens ken soos hy werklik is.

Die Christelike geloof is egter meer as die gegewens: dit pas nie alleen by die werklikheid nie, maar dit hef ons op tot waarheid. „Zij beantwoord niet alleen aan de natuur, maar zij herstelt haar ook door genade“.³⁾ Dit hou vir ons nie alleen 'n ideaal voor oë nie, maar ontsluit ook vir ons die weg tot verwesenliking daarvan, naamlik om mense weer te vorm tot mense van God, wat tot elke goeie werk volkome toegerus is.⁴⁾

Hierdie is 'n samevatting van die tetiese gedeelte in Bavinck se hoofstuk oor die doelstelling by die opvoeding.⁵⁾

In hierdie opvoedingsideaal is elke teenstelling in beginsel versoen, van man en vrou, van heer en dienskneg, van persoonlikheid en gemeenskap, van skool en lewe, van skoonheid en nuttigheid, van ontwikkeling van die verstand en beskawing van die gemoed, van patriotisme en kosmopolitisme.⁶⁾

1. Sien Bavinck: Magnalia Dei, 196 - 197.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 47.

3. Ibid.

4. II Tim. 3:17.

5. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 59.

6. Bavinck: Paedagogische Beginselen 48.

Hierdie ideaal moet in sy geheel gesien word, want sommige vroom mense het so aan die ewige gedink dat hulle die stoflike vergeet het: hulle wil mense van God vorm, maar rus hulle nie volmaak toe vir goeie werke nie. Aan die ander kant is daar mense wat die mens vir alle goeie werk wil toerus maar vergeet om in die eerste plek mense van God te vorm. ¹⁾

Die suiwerste is die harmonie van die Christelike ideaal nog gegryp en vasgehou in die Gereformeerde kerk en belydenis. ²⁾ Die Gereformeerde wêreldbeskouing kroon alles, ook die mees alledaagse, met die adel van God. Bo alles is die mens 'n skepsel van God en nie 'n eie doel nie. Hy moet gevorm word tot 'n mens van God; en omdat hy mens van God is, moet hy volkome toegerus wees vir elke goeie werk. ³⁾

Die ideaal van 'n Christelike opvoeding in die huisgesin, in die laerskool, hoërskool en universiteit bly soos dit voorheen was: waaragtige godsvrug, wetenskap en beskawing.

So vorm ons mense van God, vir elke goeie werk volkome toegerus. ⁴⁾

(k) Opmerking. Die doel by Bavinck is die status van die mens wat ons deur opvoeding trag te bereik: dit gaan dus oor die natuur van die mens. ⁵⁾

Hoewel die Christelike religie van meer betekenis vir Bavinck se doelstelling is, het sy psigologie ook 'n besondere betekenis. ⁶⁾

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 49.
 2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 102 - 103.
 3. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 80.
 4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 51.
 5. Sien Brederveld: Hoofdpijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 34.
 6. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 59.

Die mens is vir Bavinck 'n geheel ¹⁾ en bestaan uit siel en liggaam ²⁾ en as sodanig moet hy opgevoed word. Die mens is 'n ware, egte, volle mens aan wie niks mensliks vreemd is nie, ³⁾ en hierdie hele mens moet opgevoed word.

Aangesien die menslike sielelewe slegs in 'n eenheid ⁴⁾ kan leef en groei, kan 'n harmoniese sielelewe, wat nie een faktor verwaarloos nie, gegrond wees alleen in een sentrale sentiment, naamlik: liefde tot God. Volgens Bavinck se psigologie lê die kiem van alle sentimente daarin dat die mens God moet liefhê bo alles en die naaste soos homself.

Die psigologie moet ook die aandag aan die doelstelling ⁵⁾ skenk. Daar moet nog antwoord gegee word op die vrae hoe baie meer meganiese sielsverbande, soos vaardigheid, in die sentimente pas, en hoe hulle tot hul reg kom.

(1) Samevatting.

(i) Bavinck skets op heldere wyse die doelstelling van die opvoeding by die ou volke, Israel, die Christendom, die asketisme, humanisme, realisme en reform-pedagoë. Hierin openbaar hy 'n deeglike kennis van die geskiedenis.

(ii) Die opvoedingsideale by die verskillende rigtinge word dan prinsipieel vanuit die Christelike standpunt deur hom aangeval en weerlê. Sy polemiese eienskappe tree hier sterk op die voorgrond.

(iii) Die Christelike opvoedingsdoel is vir hom daarin geleë om mense van God te vorm wat vir alle goeie werk volkome toegerus is.

-
1. Sien Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 183.
 2. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 59.
 3. a. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 48;
b. Brederveld: Hoofdlinjen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 28.
 4. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 58.
 5. Brederveld: op. cit., 50.

(iv) Hoewel sy opvoedingsideaal hoofsaaklik teïsties is, is die betekenis van sy psigologie vir sy pedagogiese doelstelling daarin geleë dat hy die hele mens -siel en liggaam- wil opvoed tot waaragtige Godsvrug, wetenskap en beskawing.

3. Die Verband tussen Bavinck se Psigologie en sy Kinderbeskouing.

(a) Inleiding.

Die wese van die opvoeding word nie alleen deur sy doelstelling bepaal nie, maar ook deur sy uitgangspunt. Nie alleen is kennis van die doel waartoe opgevoed word nodig nie; daar moet kennis wees van die kind wat opgevoed moet word. Bavinck vra dan ook: wat is die kind? Wat is dit as mens en as kind: wat sit in hom en wat het hy saam met hom gebring? Watter invloed kom daar van buite en welke geestelike eiendom verkry hy deur inspannende arbeid?¹⁾ Onmiddellik na hierdie vrae wys Bavinck op die betekenis van die psigologie vir die kinderbeskouing: „De Paedagogiek heeft die anthropologie, en met name de psychologie tot grondslag. De opvoeding van de mensch veronderstelt kennis van den mensch.”²⁾

As 'n mens die uitgangspunt van die opvoeding daarin sien dat kinders tot mense gevorm kan word,³⁾ moet die psigologie van die kind aan ons kennis van die kind gee.⁴⁾ Die opvoeder hou hom besig met die belangrikste skepsel op aarde,⁵⁾ daarom moet hy van die skepsel kennis dra. Temeer nog, aangesien die opvoeding in 'n groot mate uit die huisgesin in die hande van die skool geplaas is, is dit noodsaaklik en onmis-

1. Bavinck: Paedagogische Beginnselen, 52.

2. Ibid.

3. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 50.

4. Bavinck: „De Psychologie van het Kind”, in Paedagogisch Tijdschrift, 1909, 105.

5. Psalm 8: 6 - 7.

baar om 'n deugdelike psigologie vir die pedagogiek bo alle twyfel te verhef.¹⁾ 'n Deugdelike psigologie vir die pedagogiek is daarom 'n onmisbare hulpwetenskap.

By elke mens staan ons voor 'n sielelewe wat in veelheid en komplikasie van verskynsels die sigbare natuur om ons heen vér oortref. Veel studie is nodig om in die chaos enige orde te bring.²⁾

Tipies van Bavinck³⁾ spreek hy waardierend oor die psigologie, maar waarsku teen oordrewe verwagting: daar is soveel psigologieë as wat daar psigoloë is.⁴⁾ Bavinck neem, wat sy kinderbeskouing betref, duidelik standpunt in. Die bestudering van die Heilige Skrif is van die grootste fundamentele betekenis vir die opvoeding en onderwys, eerstens omdat dit ons die mens leer ken soos hy is, altyd was en altyd sal wees in sy oorsprong, wese en bestemming. Tweedens kom hier egter by dat 'n studie van die Heilige Skrif ons in die mens se sielelewe inlei soos geen ander boek dit kan doen nie. Dit beskryf aan ons watter verandering in die mens, wat na wese dieselfde bly, deur die sonde en deur die genade aangebring word.⁵⁾ By hierdie veranderinge volg die Skrif die mens tot in die diepste skuilhoeke van sy hart; bring aan die lig wat in die verborge omgaan en gee lewe en krag aan die siel en gees. Derdens doen die Heilige Skrif hierdie dinge nie in afgetrokke begrippe nie maar gee ons alles te sien in die volle realiteit van die lewe; dit werp lig op

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 52.

2. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 60.

3. Van Klinken: „De Betekenis van Bavinck voor de Paedagogiek“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1933, 298.

4. Bavinck: op. cit., 57.

5. Van Andel: Godsdienst en Wetenschap bewerkt naar Geschriften van Dr. H. Bavinck, 31.

persone wat elkeen in studie werd is. En in die midde van hulle, of lievers bo hulle, staan Christus, 'die heeltemal enige onder die mense, vol van genade en waarheid.¹⁾

Voordat ons die verband tussen Bavinck se psigologie en sy kinderbeskouing nader ondersoek, haal ons in kort gesegde van Bavinck aan:

„Het is de roeping van den mensch, alles, wat bij de gratie Gods onder zijn sceppter buigt, zich te doen ontwikkelen en het zijner bestemming te gemoet te voeren om de glorie van den Souverein van hemel en aarde te openbaren.

Welk een taak voor den Opvoeder, om zijn leerling dit te doen verstaan."²⁾

(b) Moeilikhede van die Psigologiese Studie.

Bavinck begin deur te sê dat as die studie van die mens eenvoudig en gemaklik was, die aanstaande pedagoog in 'n kort tydjie tot 'n kundige psigoloog gevorm kon word. Die teenoorgestelde is egter die geval. Ons het by die studie van die menslike siel nie te doen met groothede wat gemeet en geweeg kan word nie, maar met 'n verskynsel wat geestelik, onoorsienbaar en hoogs ingewikkeld is. By elke mens is daar 'n sielelewe wat die sigbare natuur oortref in sy veelheid en komplikasie van verskynsels.³⁾ Ons tref by die mens aan: die besef van gewaarwordinge, voorstellinge, begrippe, oordele, redeneringe, aandoeninge, neigings, drifte, hartstogte, begeertes, wilsbeslissinge, wat saam 'n wêreld van raaisels vorm.⁴⁾

In die vorige eeue het die gedagte bestaan dat 'n mens deur waarneming en denke, deur analise en sintese orde

-
1. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 13 - 14.
 2. Bavinck: „Onze Roeping“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1909, 289.
 3. Bavinck: Magnalia Dei, 9.
 4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 53.

in die chaos kon bring. Die beskuldiging dat hierdie waarnemings op los gegewens gespekuleer het, is onbillik en getuig van onkunde. Hoewel die psigoloë van die vorige eeue deur te veel klassifikasie en verklarings verwarrend gewerk het, het hulle getrag om die sielsverskynsels waar te neem en denkend te begryp en het hulle gegewens nagelaat wat nie versmaai nie, maar dankbaar aanvaar moet word.

Die moderne psigologie wat 'n hartgrondige afkeer in die teologie en metafisika het, het radikaal gebreek met die metode van selfwaarneming soos in die vorige eeu gebruik is, en sodoende het die psigologie sogenaamd positief, empiries en eksakt geword.¹⁾ Hierdie rigting is veral deur Kant en Comte beïnvloed. Van geen teorie, maar van louter feite word uitgegaan. So ontstaan, na die uitdrukking van F.A. Lange, die „Psychologie ohne Seele“, 'n soort natuurwetenskap,²⁾ wat op die psigiese verskynsels die induktiewe metode toepas, en dit as fisiese verskynsels behandel. Hierdeur trag hulle om beter resultate te verkry en tot groter sekerheid te geraak.³⁾

(c) Die Empiriese Psigologie.

Aangesien ons in hoofstuk II breedvoerig ingegaan het op die empiriese psigologie soos deur Bavinck,⁴⁾ wys ons hier net op die volgende. Dit was nie so gemaklik om die natuurwetenskaplike metode in die psigologie toe te pas nie. Herbart het wel van die metafisiese veronderstelling uitgegaan en selfwaarneming as die bron van die psigologie beskou, maar dit kom vir hom net in soverre in aanmerking as wat dit op die sielsverskynsels toegepas kan word.⁵⁾ Fechner en Weber

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 36.
 2. Bavinck: „Richtingen in de Psychologie“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1909, 4.
 3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 54.
 4. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 36 - 52.
 5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 54.

begin met die „sielkunde sonder siel," terwyl Wundt die eintlike grondlegger is.¹⁾ Later kom Münsterberg, Avenarius, Ziehen, Exner, Flechsig, Külpe en W. Heinrich wat die hoëre sielsprosesse, die denke en wil eksperimenteel wil ondersoek.²⁾

(d) Ongeskiktheid van die Empiriese Psigologie as Grondslag van die Pedagogiek.

Volgens Bavinck is dit hoogs moeilik om die nuwere psigologie aan die pedagogiek ten grondslag te lê. Hy wil nie aan die groot waarde daarvan twyfel nie; intendeel het die nuwe psigologie, in die kort tyd van sy bestaan, reeds groot verdienste verwerf deurdat dit die hele psigiese grondslag van die sielelewe duideliker blootgelê het. Tog is daar rede om teen oordrewe verwagting van die nuwere psigologie vir die pedagogiek te waarsku.

Eerstens is dit nog te onseker en onvas om dit prakties vir 'n pedagogiek te laat verwerk. As dit nou reeds toegepas word, word die skool 'n laboratorium en die kind 'n objek van proefneming.³⁾

Tweedens is dit vanselfsprekend dat die pedagogiek slegs groot beginsels en algemene wette aan die psigologie ontleen. Die ouer en onderwyser moet sy takt gebruik om die psigologie toe te pas, want 'n kundige psigoloog kan nog 'n slegte mensekenner en 'n onkundige opvoeder wees.⁴⁾ Deur louter empiriese ondersoek word die groot beginsels en algemene wette ook nie gevind nie.

Derdens is dit van die allergrootste belang vir die

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 55.

2. a. Ibid.;
b. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 37.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 58.

4. Ibid.

pedagogiek of die mens beskou word as 'n ontwikkelde dier of as 'n beelddraer van God. Die moderne psigologie vermy hierdie vrae met opset, met die gevolg dat hierdie dinge nie as van belang beskou word nie.

Hoe ons kennis deur die ondersoek ook al uitgebrei word, dit is nog onbevredigend.¹⁾ Teenoor die moderne psigologie moet dus die reg van die metafisika gehandhaaf en verdedig word. Die psigologie en pedagogiek kan nie gestel word sonder die filosofie nie. As die filosofie dan onmisbaar is, is dit voor die handliggend dat ons in die teorie en praktyk van ons opvoeding die Christelike filosofie sal volg en nie die mode-filosofie wat by die dag wissel nie.²⁾ Tye verander en ons saam met die tyd, maar die mens bly dieselfde* en hierdie mens word ook nie deur die moderne psigologie verander nie.

(e) Genetiese Psigologie en die Psigologie van die Kind.

Aangesien die natuurwetenskaplike metode nie tot sulke vaste en bruikbare resultate gelei het as wat oorspronklik verwag is nie, is dit in die laaste tyd deur die historiese of genetiese metode aangevul of vervang. Hierdeur het die nuwere psigologie wat hom aan die kant van die metafisika baie beperk het, aan die ander kant uitgebrei: van die laagste tot die hoogste sielelewe is deur die genetiese metode binne sy grense getrek.³⁾

Daar kom nou 'n psigologie van plante en diere, volke en rasse, families en geslagte, manne en vroue, genieë en helde, enkelinge en massas, kraksinniges en misdadigers, pre-

1. Bavinck: „Kinderstudie, II“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1913, 299.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 60.

3. Ibid.

dikante en onderwysers, kinders in die vroeëre jeug en in rypere leeftyd, ensomeer.¹⁾ Selfs enkele verskynsels soos reuk, smaak, gevoel, gewete, wil, geloof, godsdiens en taal kry h eie psigologie.

Die genetiese metode stel hom ten doel om die sielelewe in sy geheel of in een van sy dele histories na te gaan en te begryp; ook om dit te verklaar deur dit na te gaan van sy eerste aanvang tot sy hoogste ontwikkeling.²⁾

So het daar ook h psigologie van die kind ontwikkel en dit is vir die pedagogiek van besondere belang. Die psigologie gaan diep in die verlede van die kind terug³⁾ om sy kennis in te samel. Die taak van die nuwere wetenskap is veral tweërlei: eerstens wil dit die sielelewe van die kind histories nagaan en daaruit dan die oorsprong en ontwikkeling van die psigiese werksaamhede en toestande leer ken; tweedens word die skooljare tot voorwerp van statistiese en eksperimentele ondersoekinge onderwerp, om vas te stel welke invloed die skool en onderwys op die siel van die kind het.⁴⁾ Daar word nagegaan hoe die kind se bewussyn, geheue, verbeelding, assosiasie van denke, begeerte en die wil gevorm word; hoe die kind h voorstelling van kleure kry, tot h besef van ruimte kom, begrippe vorm, leer dink en praat; op welke wyse religieuse, etiese en estetiese gevoelens ontwaak.

Hierby is die ondersoek ook nie beperk nie:⁵⁾ invloede wat inwerk op die sielelewe van die kind, die onderskeid tussen die sielelewe van seuns en dogters; vermoedheid en ander verskynsels word ondersoek en verklaar.⁶⁾

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 40.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 61.
 3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 41.
 4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 61.
 5. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 43.
 6. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 62.

(f) Pedagogiese Patologie en Skoolhigiëne.

By die kinderpsigologie het hom later nog gevoeg die patologiese pedagogiek wat ten doel het die ondersoek na verskillende krankhede en gebreke by kinders. Strümpell, die grondlegger, tel nie minder as 300 krankhede en gebreke wat in die pedagogiese patologie ter sprake kom nie. Daartoe behoort: al die vorms van sielsiekte (idiotisme), van senuweesiektes (neurose), van gebreke in sintuie (oog, oor, ens.) van psigiese steuringe, ensomeer.

Die eerste internasionale kongres oor skoolhigiëne is in 1904 in Nürnberg gehou. 8 algemene lesings, 32 referate en 121 voordragte ¹⁾ is gehou oor: higiëne van skoolgeboue en meubels, metodes van higiëniese ondersoek, liggaamlike opvoeding, skoolsiektes en skoolartse, skole vir agterlike kinders, vir doofstommes, blindes, dowes, die higiëne van die kind, van die onderwyser, ens.

'n Lang lys van suggesties oor hervorming en verbetering is opgestel. Vir elke skool moet 'n skoolarts aangestel word; skoolbanke is nie reg ingerig nie; die druk van boeke voldoen nie aan die eise nie. Daar word geëis: die afskaffing van huiswerk, die vermindering van skoolure, verpligte skoolkindervoeding, geleentheid om te bad en te swem, die onderrig van anatomie en fisiologie van die menslike liggaam en nog veel meer. ²⁾

(g) Oordrewe Verwagting van die Nuwe Wetenskap.

Tereg skuil daar vir Bavinck te veel oordrywing in dit alles. ³⁾ Daar is baie eise wat instemming verdien. Die

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 63.

2. Ibid., 64.

3.a. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 24;

b. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 60;

c. Van Klinken: „De Betekenis van Bavinck voor de Paedagogiek“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1933, 298.

psigologie in die algemeen, en in sonderheid die van die kind,¹⁾
benewens die patologie en die skoolhigiëne is van onmisbare
betekenis vir die praktyk van die opvoeding.²⁾ Die ontferming
waarmee Jesus oor siek kinders bewoë raak, is veral opmerklik.
(Markus 7:25; 9:24. Lukas 7:14; 8:42; 9:34. Johannes 4:
46-54; 21:15)³⁾ 'n Deeglike sorg is nodig vir die kinders⁴⁾
en die kind moet psigologies geken word.

Dit is egter volgens Bavinck oppervlakkig om hierby
te bly staan en nie te let op die algemene geestesrigting wat
in hierdie eise openbaar word nie. Opvoeders, selfs ouers,
het geen reg meer nie, maar alleen pligte, terwyl die staat
veels te veel op die voorgrond tree. Terwille van die lig-
gaam word die siel al te maklik vergeet. Paulus stel immers
Christus as voorbeeld van die ideale opvoeder. Hy het elkeen
se behoefte geken: elkeen is na sy eie aard en karakter be-
handel en sy taak is ooreenkomstig sy bevoegdheid aangewys.
Jesus het nie getulenis oor persone nodig gehad nie, omdat
Hyself die hart en die siel van die mens geken en verstaan
het.⁵⁾

Tans beywer elkeen hom om die gebreke van die onder-
wys en opvoeding in die huis en skool aan te toon, misstande
op te spoor en 'n weeklag aan te hef oor die benarde toestande
in die maatskappy. Elkeen is 'n spesialiteit op die gebied en
almal se verwagting is op die staat gerig: deur vir 'n leer-
skare van amptenare en wette te sorg, kan die toestand verhelp
word. Die opvatting is dat die gelukkige toestand geskep kan

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 43.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 64.

3. Bavinck: „Kinderstudie, I“, in Paedagogisch Tijdschrift,
1912, 246 - 247.

4. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 42.

5. Bavinck: „Kinderstudie, I“, in Paedagogisch Tijdschrift,
1913, 214.

word as die pedagogiek die eksperimentele en statistiese psigologie as grondslag het. Geen godsdiens en moraal, geen metafisika en filosofie, geen abstrakte teorie en ydele spekulاسie nie maar feite moet die basis van die nuwe opvoeding wees. Algemeen word van die psigologie die heil vir die pedagogiek verwag.¹⁾

(h) Besware teen die Metode en Resultate van die Nuwe Wetenskap.

By alle waardering wat Bavinck vir die psigologie het,²⁾ waarsku hy teen oordrywing wat op teleurstelling kan uitloop. Dit is eerstens duidelik dat die eksperimentele metode ook in die psigologie van die kind maar 'n ondergeskikte plek beklee. Op sigself en teen die toepassing daarvan is daar geen beswaar nie; intendeel bedien ons ons almal gedurig daarvan. Maar die proefpersoon se kennis oor homself is dikwels gebrekkig en hy kan sy indrukke nie in woorde juis weergee nie. By kinders is die beswaar nog van groter gewig omdat hulle minder in staat is om juiste indrukke weer te gee.

Hiermee wil Bavinck nie te kenne gee dat die eksperimentele metode nie op kinders toegepas moet word nie. Verskeie goeie resultate is reeds as gevolg van die eksperimentele ondersoek by kinders blootgelê.

Om egter te sê dat die resultate nuut en verrassend is en dat die pedagogiek in die toekoms uitsluitlik op die psigologie moet berus, is „toch al te veel beweerd.”³⁾

Die grootste waarde van die resultate wat verkry is, lê nog

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 67.

2. a. Ibid.

b. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 27.

c. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 174.

d. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 17.

3. Bavinck : Paedagogische Beginselen, 69.

daarin dat dit die dwaasheid van die intellektualisme aan die lig gestel het en die eensydigheid in die opvoeding tot stilstand gebring het.

(1) Besware teen die Ewolutionistiese Veronderstellinge.

Hoewel ons in hoofstuk II (f) breedvoerig op Bavinck se verwerping van die ewolusieleer ingegaan het, is dit tog nodig om by enkele gedagtes oor die leer van Bavinck se kinderbeskouing stil te staan.

'n Ander ernstiger beswaar as die wat hy reeds geopper het, is die teen die kinderpsigologie, wat bewus en onbewus van die darwinistiese ewolusieleer uitgaan.¹⁾ Volgens hierdie leer is daar tussen dier en plant en mens nóg fisies,²⁾ nóg psigies 'n kloof: daar is altyd 'n geleidelike oorgang: die laere het geleidelik tot die hoëre ontwikkel. Die hoogste geestelike werksaamhede van die mens, die denke en spreke het langsamerhand uit die laere vorme van die sielelewe by diere en plante ontwikkel. Die mens besit geen enkele geesteswerksaamheid wat uitsluitlik aan hom eie is nie: sy ganse sielelewe verskil nie in soort en kwaliteit van die dier nie maar alleen in graad en kwantiteit.³⁾

Volgens die ewolusioniste het die mens gekom waar hy tans is, deur die stryd om die bestaan, deur seleksie, oorerwing, aanpassing en gewoontevorming: wysig die omstandighede, verbeter die ontwikkelingsvoorwaardes en die mens kan opgevoer word tot die hoogste hoogtes.⁴⁾ Die geloof is dus in die almag van die opvoeding. Die mens het sy toekoms in sy eie hande.⁵⁾

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 15.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 70.
 3. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 117.
 4. Bavinck: Magnalia Dei, 409.
 5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 71.

Dit wat vir die menslike geslag in sy geheel geld, geld by die darwinisme ook vir die ontwikkeling van die individu. Parallelisme bestaan tussen die filogenese (dit is die wording van die soort) en die ontogenese (die wording van die individu). Elke mens deurloop dieselfde fases, van kind tot volwassene, wat die menslike geslag van die vroegste tye tot nou reeds deurgemaak het: dit is slegs 'n verkorte herhaling, 'n herhaling in 'n sneller tempo.¹⁾ Sonder voldoende positiewe bewyse word hierdie biogenetiese rekapitulاسie-hipotese deur baie modernes, tot wet verhef.

Die nuwe geslag se anker van hoop is die ewolusieleer: die hemel is uit die oog en hart verloor en in die plek daarvan wil hulle deur veredeling van die mens vir hulleself 'n paradys op die aarde inrig. Hulle hef 'n klaagsang aan oor die stryd om te bestaan op hierdie aarde, maar juis na die stryd verwag hulle die geluk wat in die skoot van elkeen sal val. So graaf die ewolusionistiese sosialisme egter sy eie graf: as die toekomstige staat dan sy stryd beëindig het, is die oorsaak van die ontwikkeling immers weggeneem en staan die ontwikkeling stil; en stilstand beteken die dood.

Bavinck skenk besondere aandag aan die ewolusionistiese²⁾ beginsel en tabula rasa-teorie, waarvan die moderne³⁾ psigologie uitgaan. Dat die mens dan kan maak soos hy wil - 'n konsekwensie van die ewolusieleer- is 'n dwaling wat deur die ervaring en geskiedenis duidelik geloënstraf word. Groei en ontwikkeling kan alleen bestaan waar daar iets is. Die mens kom in die wêreld met kragte en gawes, talente en geskikthede, en dit kan deur opvoeding versterk word. Geen

1. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 50.

2. Bavinck: Magnalia Dei, 177 e.v.

3. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 625.

evolusie egter of geen krag ter wêreld kan die som van vermoëns met 'n enkele een vermeerder nie.¹⁾ Bowendien het elke vermoë 'n bepaalde ontwikkelingsgrens, waarbo nie gekom kan word nie, selfs onder die gunstigste omstandighede en ideaalste opvoeding.

(j) Die Kind as Uitgangspunt van die Opvoeding.

Die pedagogiek veronderstel die mens in die kind. Dit moet die kind nie maak nie, maar vorm; nie skep nie, maar opvoed. Liggaam en siel kom nie deur opvoeding tot stand nie, maar gaan dit vooraf en lê dit ten grondslag. Die opvoeding moet dus uitgaan van, is verbonde aan, is afhanklik van, word bepaal deur die kind, wat daar is en wat aan sy sorg toevertrou word.²⁾ Die kind moet aanvaar word soos God hom skenk.

Oorerwing is daar sekerlik: God het die ganse geslag van mense uit een bloede gemaak;³⁾ mense bring mense voort; bepaalde ouers gee aan hulle kinders 'n bepaalde voorkoms; liggaamlike en geestelike eienskappe gaan soms van geslag tot geslag; bodem, klimaat, ras, omgewing en beroep het invloed op mense.⁴⁾

Maar elke mens is sigself en geen ander nie. Elkeen bring 'n bepaalde siel en liggaam, bepaalde eienskappe, vermoëns, kragte en gawes mee, wat van die van ander mense te onderskei is.

Dit is die kapitaal waarmee die mens begiftig is; dit is sy aangebore onvervreembare goed wat aan hom toevertrou is; saam maak dit sy talente uit waarmee hy straks in die

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 78.

2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, III, 65 - 66.

3. Bavinck: Magnalia Dei, 167.

4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 77.

lewe sal moet werk en woeker. ¹⁾

Daar is geen gelykheid tussen mense nie: fisies is daar 'n onderskeid tussen man en vrou, tussen swakke en sterke, gesonde en kranke; psigies lê in die mens kragte en gawes, talente en geskikthede verborge wat verskillend is en terugwys op die vrymag van God. Dit is Hy wat arm en ryk maak, wat aan elkeen uitdeel soos Hy wil en aan niemand rekenskap hoef te gee van wat Hy²⁾ doen nie.

Die pedagogiek wat nie almagtig is nie, ontvang 'n beperkte taak waarin dit soms slaag en soms ook nie. Die beperkte taak maak die opvoeding juis so 'n heerlike werk: dit hoef nie te gee wat daar nie is nie, maar dit kan lei, vorm en ontwikkel wat daar wel is. Uitgaande van en aansluitende by wat God in Sy vrymagtige wil geskenk het, tree die opvoeder in diens van God, as 'n instrument van Hom wat met Sy almagtige en alomteenwoordige krag gedurig alles onderhou en regeer. ²⁾

(k) Die Sedelike en Godsdienstige Aard van die Kind.

Bavinck het reeds aangetoon hoe die Reform-pedagogiek die godsdiens uit die opvoeding probeer wegsyfer het. Die heer Gerhard het by die 's Gravenhage se kongres in April 1904 verklaar dat hy nie aan God glo nie, terwyl die heer Ketelaar gesê het dat bespreking van religieuse opvoeding in so 'n vergadering nie pas nie. Tog stel die modernes nog belang in die sedelike opvoeding sonder dogma. Oor die inhoud van die sedelike opvoeding is daar egter nie ooreenstemming nie, want daar is soos van ouds die optimistiese en pessimistiese beskouing.

Die optimisme wat ons by die Sjinese, Grieke, die

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 77.

2. Ibid., 78.

humaniste, die rasionaliste, ook by Rousseau, Fichte, Pestalozzi en baie pedagoë van die nuwere tyd aantref, beskou alles wat ons uit die hande van die Skepper ontvang, as goed. Dit ontaard egter in hande van die mens.

Lynreg hierteenoor staan die pessimisme wat verteenwoordig word deur denkers en digters soos Hobbes, Schopenhauer, Von Hartmann, Leopardi, Shelley, Byron, Heine, Zola, Tolstoi en andere. Volgens hulle is die wêreld so sleg dat as dit een graad slegter is, dit nie sou kon bestaan nie. Die één mens is 'n wolf vir die ander en hulle moet deur wette teen mekaar beskerm word. Daar is vir hulle geen waaragtige, innerlike verbetering nie; die opvoeding kan die mens alleen uitwendig beskaaf en die ondeugde in toom hou. Die mens se karakter is onveranderlik en onomvormbaar.¹⁾

Bavinck vra welke standpunt die opvoeding by hierdie twee standpunte moet inneem, wat prinsipiëel lynreg teenoor mekaar staan. Jesus sê dat die sedewet begryp moet word in die twee gebooe: Jy moet God liefhê bo alles en jou naaste soos jouself. Gerhard aanvaar net die tweede terwyl die optimisme vir oomblikke opbeur na die eerste. Tussen pessimisme en optimisme slinger die moderne pedagogiek heen en weer. Hulle kan die mag van die sonde nie verloën nie, want die ellende om hulle is te groot, en hulle moet dit verloën anders verloën hulle hul eie opvatting. Daar is maar een versoening van die konflik: die kruis op Golgota.²⁾

(1) Die Grondslag van die Pedagogiek na die Heilige Skrif; Die Skepping na Gods Beeld.

Die pedagogiek wat die kruis verag, weet nie wat dit doen nie: dit verag die lamp voor sy voet en die lig op sy pad en wandel in die duisternis rond.

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 81.

2. Ibid., 83.

Die Heilige Skrif leer ons welke plek die mens in die lang ry van skepsele inneem. Hy is die beelddraer van God:¹⁾ dit is sy rang, sy stand, sy adeldom. Die verhouding van dié mens tot God is so intiem van aard en sy verwantskap so groot omdat hy na Gods beeld en gelykenis geskape is: hy is nie alleen draer van Gods beeld nie maar ook Sy geslag, Sy seun.²⁾

By die Rooms-Katolieke is die beeld van God 'n toevoegsel aan die mens, 'n kroon op sy hoof. By die Lutherane gaan die beeld van God in die religieuse-etiese eienskappe op en brei hom nie oor die hele mens uit nie. Na die Gereformeerde geloof is die twee een.

Die mens is 'n selfstandige, eiesoortige wese, wat nie uit die dier kan voortkom nie; hy kan ook nie uit niks voortkom nie: hy is na sy liggaam uit die aarde, en na sy psigiese aard aan alle organiese wesens verwant en as redelik-sedelike wese lid van die gemeenskap, wat in die gesin, geslag, volk en mensheid opgebou word. „Ieder mensch is een letter in het alphabet en tevens een eigen woord.”³⁾

(m) Die Sonde.

Die ewolusioniste beskuldig die Skrifgelowiges daarvan dat hulle hoogmoedig is deur die mens as Gods skepping staande te wil hou.⁴⁾ Die mens moet lievers beskeidenheid geleer word.

Beskeidenheid neem die Skrifgelowige hom ter harte:⁵⁾

-
1. Bavinck: Magnalia Dei, 181 v.
 2. Bavinck: De Navolging van Christus en het Moderne Leven, 5.
 3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 84.
 4. Bavinck: Magnalia Dei, 180.
 5. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 360.

hy is 'n swakkeling; kwantitatief, matematies en fisies is hy minder as baie ander skepsele. Maar psigies en intellektueel gaan hy hulle ver te bowe. Hieroor kan niemand twyfel nie. Die ewolusioniste se hooggeroemde beskeidenheid verdwyn egter totaal as ons die mens in sy verhouding tot God beskou. Want in stede van die mens sy regmatige plek aan te wys, verhef hulle hom hemelhoog en stel hulle hom as beoordelaar en regter van God aan. In hulle hart sê hulle dat daar geen God is nie ¹⁾ en met hulle lippe: die natuur het alles voortgebring, daarom is die mens sy eie regter en wetgewer. Op 'n ander aspek moet egter die aandag gevestig word: dat die mens van die dier afstam, is 'n hipotese en eintlik niks anders nie as 'n alledaagse mening. Geen feit bewys dit nie. Maar daar is 'n feit wat nie ontken kan word nie behalwe uit eiebelang: dit is die feit van die sonde. Waar is nou die beskeidenheid van die ewolusioniste, vra Bavinck, as hulle teen hierdie feit te staan kom. Die sonde word deur hulle brutaal verswak, goedgepraat en verloën.

Die Skrif wys op die groot werklikheid van die sonde: alle mense is leuenaars; God alleen is waaragtig. Die mens is aan die een kant 'n beeldraer van God maar aan die ander kant 'n gevalle skepsel: 'n kind van God maar 'n verlore kind. Daarom druk die Skrif die mens, wat hom wil verhef, neer op die aarde waar hy behoort te staan. Ons leer die mens op sy beste ken uit onself, in die spieël van God se wet, by die lig van die Heilige gees. ²⁾

By die Gereformeerde belydenis, aldus Bavinck, kom die getuienis van die Heilige Skrif oor die verdorwenheid van die mens die volledigste en suiwerste tot sy reg. Want ter-

1. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 31.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 87.

wyl Gods beeld ¹⁾ nie meganies met die mens verbonde is nie, maar organies in sy natuur opgeneem is, moet die sonde ook die hele mens, sentraal en totaal, onrein maak. ²⁾ Ook in hierdie sondige staat is elke mens 'n persoonlikheid en 'n lid van die gemeenskap. Die Christen begin met homself: hy is in sonde ontvang en gebore; hy het gesondig teen die hemel en teen God; hy is nie werd om Gods kind genoem te word nie. Die sonde is dus geen hipotese wat opgestel is om die etiese verskynsels te verklaar nie: dit is 'n ontsettende realiteit in ons eie lewe en daarom moet dit die belydenis van ons lippe word. ³⁾ So moet die pedagogiek dit ook opneem en verstaan.

(n) Algemene en Besondere Genade.

Die Skrifgelowige het egter nie alleen die leër van die ellende nie maar ook die leer van die verlossing en dankbaarheid. Nie alleen weet hy van sonde nie, maar ook van genade. En die Gereformeerde Christen ken die genade in tweërlei sin, naamlik die algemene genade en die besondere genade.

Die algemene genade verklaar hoe daar in weerwil van die verderf van die sonde tog soveel natuurlike en sedelike goeds in die sondige mens oorgebly het. ⁴⁾ Die algemene genade van God laat die sonde onverswak staan en seën tog die gevalle mense. God laat reën oor regverdiges en onregverdiges en laat sy son opgaan oor goeties en slegtes. Sy barmhartigheid is oor al Sy werke en Sy naam is heerlik oor die ganse aarde: God laat Hom aan niemand onbetuig nie. Die algemene genade werk nie alleen van buite deur oordele en gerigte, wette en

1. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 511.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 87.

3. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, III, 62.

4. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 9.

gewoontes, arbeid en beroep, maatskappy en state nie; die algemene goedheid van God werk ook van binne die mens, deur in hom nog te onderhou: verstand en rede, bewussyn en gewete, natuurlike liefde en waarheidsliefde, godsdienstige en sedelike besef, skaamte en eer, vrees vir sonde en straf. God gee die goeie gawes en hou die menslike geslag in stand: daarom is hulle vir die pedagogiek van sulke groot waarde. Daar sou geen verstandelike en geen sedelike opvoeding moontlik gewees het as God nie die grondslag gelê het en die geleentheid skenk nie. Elke pedagogiek, ook al wil hy dit nie weet nie, het sy bestaan aan God se algemene genade te danke.

Hoe groot die waarde van die algemene genade ook al is, tog is dit nie die rykste genade nie: dit beteuel die kwaad maar roei dit nie uit nie; dit bind die kwaad in maar herskep, vernu en verander dit nie. Daarom voeg God by die algemene genade nog die besondere genade: die genade van wedergeboorte en bekering, wat alleen in die gemeenskap van Christus ontvang word. Hierdie genade word na Gods wil en welbehae uitgedeel nie alleen aan volwassenes nie maar ook aan kinders: en die kinderdoop is daarvan die seël en onderpand. Die Christelike pedagogiek sluit hom by hierdie genade van die wedergeboorte aan: dit sluit by die besondere genade aan wat God aan Sy kinders verleen. Om hierdie rede alleen kan die Christelike pedagogiek aan sy hoë doel beantwoord, naamlik om mense van God te vorm vir elke goeie werk volkome toegerus, omdat God self in Christus mense tot Sy beeld en gelykenis herskep. Die beste Christelike opvoeder kan nie mense van God skep nie maar dit is moontlik om mense van God te vorm en volmaak tot alle goeie werk toe te rus: dit is moontlik omdat daar mense van God is. Die Christelike pedagoog streef na 'n hoë ideaal.¹⁾

(o) Opmerking.

Die betekenis van Bavinck se psigologie vir sy kinderbeskouing van die rypere jeug word in hoofstuk XII behandel en is dus hier agterweë gelaat.

Ons het hier getrag om aan te toon dat die psigologie volgens Bavinck van die allergrootste belang vir sy kinderbeskouing is, maar dat die psigologie wat van die ewolusionistiese standpunt uitgaan deur die Christen nie alleen onaanneemlik is nie maar verwerp word.

(p) Samevatting.

(i) Die wese van die opvoeding word nie alleen deur die doelstelling bepaal nie maar ook deur die uitgangspunt, die kind. Daarom moet ons kennis van die kind hê en hierdie kennis word deur die psigologie aan ons verskaf.

(ii) Kennis van die Heilige Skrif is nodig omdat dit ons die oorsprong, wese en bestemming van die mens leer ken.

(iii) Die vorige eeu het vir ons op die gebied van die psigologie reeds waardevolle gegewens oor die kind verskaf.

(iv) Die empiriese psigologie het sy groot waarde vir die kinderbeskouing, maar deurdat dit nog onseker en onvas is en deurdat dit die vraag na die oorsprong van die mens vermy, is dit onbevredigend en moet uitgebrei word.

(v) Die genetiese psigologie wat die sielelewe van die kind in sy geheel of in een van sy dele bestudeer, begryp en verklaar, is vir die pedagogiek van besondere belang.

(vi) Ook die pedagogiese patologie wat krankhede en gebreke by kinders ondersoek, is vir Bavinck van groot belang.

(vii) Bavinck waarsku gedurig teen die oordrewe verwagting van die psigologie omdat dit op teleurstelling sal uitloop.

Veral teen die ewolusionistiese standpunt veg Bavinck met al sy mag.

(viii) Die mens moet die kind aanvaar soos God hom skenk, omdat elke kind 'n gawe van God is met eie gawes en talente. Die psigologie en pedagogiek is nie almagtig nie maar het die heerlike taak om die kind op te voed.

(ix) By die sedelike en godsdienstige opvoeding moet die kind leer om God lief te hê bo alles en sy naaste soos homself.

(x) Die pedagogiek wat die kruis verag, verag die lamp voor sy voet en die lig op sy pad en wandel in die duisternis.

(xi) Sonder die psigologie kan ons, volgens Bavinck, nie kennis van die kind opdoen nie en hom dus ook nie opvoed nie.